# Vra die regte vrae vir 2026

## Waar is die nege?

Gerhrad de Jager | Eden Gemeente | 11 Januarie 2026

So in die begin van elke nuwe jaar, is daar baie innerlike stemme, stemme wat sê:

Hierdie is die jaar wat ek gaan... (Dan is daar baie dinge wat gesê kan word).

Hierdie jaar is die jaar wat ek gaan losbreek uit die groef waar ek myself bevind.

Maar soos ons almal weet, is ons meeste van die tyd voor Valentynsdag net weer terug waar ons was. Terug in die ou patroon, dieselfde groef, want die ding is, om uit die groef uit te kom, is die moeilikste deel om die eerste tree te gee.

Die wyse mense deur die eeue het altyd gesê dat dit belangrik is om die regte vrae te vra, want dis die manier om by die regte antwoorde uit te kom.

En daarom is dit baie wys om fyn te luister na die vrae wat God die mens gevra het.

Want as God vir die mens ‘n vraag vra, is dit nie omdat Hy ‘n antwoord soek nie, maar sodat die een vir wie Hy die vraag vra tot insig sal kom.

En daarom begin ons elke jaar hier by Eden gemeente om te kyk na die vrae wat God vra in die Bybel, sodat ons tot die regte insigte kan kom vir die nuwe jaar wat voorlê.

Vandag gaan ons saam reis deur ‘n baie interessante ontmoeting tussen Jesus en ‘n baie siek man. Ek wil jou nooi om saam met my te reis deur ‘n paar idees rondom hierdie storie, en net dalk sien jy iets van jou eie lewe in die storie, soos wat dit my uitgedaag het.

Die paar idees waardeur ons gaan reis, is:

- Emojis
- ‘n Vermiste vers in die Bybel
- ‘n Vraag
- ‘n Lokval
- ‘n Besluit
- ‘n Waarskuwing

---

# Johannes 5

Kom ons lees saam in Johannes 5, waar ons vandag se vraag gaan kry.

***1*** *HIERNA was daar 'n fees van die Jode, en Jesus het opgegaan na Jerusalem.* ***2*** *En daar is in Jerusalem by die Skaapspoort 'n bad met vyf pilaargange wat in Hebreeus Betésda genoem word.* ***3*** *Daarin het 'n groot menigte siekes gelê, blindes en kreupeles en lammes, (wat op die roering van die water gewag het.* ***4*** *Want 'n engel het op bepaalde tye in die bad neergedaal en die water geroer. Die een wat dan*

*die eerste ingaan ná die roering van die water, het gesond geword, aan watter siekte hy ook al gely het.)**5** En 'n sekere man was daar, wat agt-en-dertig jaar aan sy siekte gely het. **6** Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word?*

Hier is die vraag. ‘n Vreemde vraag van Jesus, amper ‘n ongevoelige vraag.

Want hierdie is nie die soort vraag wat jy iemand vra wat siek is nie. Natuurlik wil die man genees word. Dis presies hoekom hy daar is.

En daarom bly dit ‘n vreemde vraag. Maar die ding is, stemtoon en lyftaal is baie moeilik om te bepaal as ons dele soos hierdie lees. Hoe het Jesus dit gevra?

Nou die dag stuur ek ‘n WhatsApp vir iemand, wat baie ontsteld vir my terugstuur en vra hoekom ek so ontsteld en kwaad klink. Maar ek was nie. Ek het weer my WhatsApp gelees en daar was geen teken van enige iets nie. Ek stuur toe terug: “Nee glad nie, ek is regtig nie kwaad nie, hoekom dink jy so?” En jy sal my nie glo nie.

Die persoon antwoord: “Okay, dankie tog, want jy het geen emoji’s in jou boodskap gebruik nie, toe is ek bekommerd.”

Dis sekerlik verstaanbaar in vandag se lewe, want dis presies die rol van emoji's; dis ‘n digitale manier om lyftaal en stemtoon te illustreer.

Ek het ook al boodskappe misgelees en verkeerd geïnterpreteer wat die persoon se bedoeling was, en die ding is, wanneer dit gebeur, word al die boodskappe van daar af deur dieselfde bril gelees.

Ons doen dieselfde met Johannes 5. Ons lees Jesus se vraag sonder 'n emoji, daarom is dit vir ons belangrik om vir ‘n oomblik stil te staan en mooi te dink hoekom Jesus hierdie man hierdie vraag vra, binne die konteks van wat daar besig is om te gebeur. Want dit bepaal die “lyftaal” van die hele storie.

Soos ons in die begin genoem het, vra Jesus hierdie vraag nie omdat Hy ‘n antwoord nodig gehad het nie. Hy vra die vraag sodat hierdie man tot insig sal kom. Hy vra die vraag soos 'n chirurg wat die regte plek soek om te sny.

So, wat is die insig wat die man moet kry? Wat is die insig wat ek en jy dalk kan neem van die storie?

Wel, in vers 6 is daar vir ons ‘n leidraad net voor Jesus die vraag vra.

***6** Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word?*

Hierdie man is nou al vir ‘n lang tyd siek. Hy is al vir BAIE lank hier. Hy is in ‘n groef. Elke dag, elke week, elke maand, elke jaar, dieselfde oor en oor.

Vir hierdie man sal genesing beteken dat sy hele lewe gaan verander, en dit mag dalk klink soos presies wat hierdie man soek.

Jesus vra die vraag, want Hy weet wat dit vir hierdie man sal beteken as hy genesing sou kry. Hierdie man is so gewoond aan hierdie manier van leef; die verandering gaan nie maklik wees nie.

• Hy gaan moet begin werk.

• Hy gaan moet selfverantwoordelikheid neem.

• Dinge gaan nie meer dieselfde wees nie.

• Roetines gaan verander.

• Nuwe mense om hom.

Jesus vra die vraag, want Hy weet hoe moeilik dit is om uit ‘n groef te kom.

Jesus vra die vraag: “Wil jy gesond word?”, amper asof Hy vir hom vra: “Verstaan jy wat hierdie beteken?”

En dan is die man se antwoord baie interessant, want hy het nie JA gesê nie. Hy antwoord:

*__7__ Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in.*

In plaas daarvan dat hy antwoord "JA! Ek wil gesond word," vertel die man vir Jesus hoe die sisteem werk.

En ek het baie begrip daarvoor, want hierdie man sit al hier vir amper vier dekades, met net hierdie een fokus: "Ek moet in die bad kom."

"Jesus, ek wil genesing hê, maar kom ek vertel U hoe genesing hier in Betesda werk. Ek moet in die water kom as die water geroer word en ek moet eerste wees."

Hoeveel keer bid ek vir iets, vra die Here, maar ek het klaar in my gedagtes hoe ek dit wil laat uitspeel?

Ek is nie bereid om my idees, my planne, my manier van doen te verander nie. Dit wat ek soek, moet inpas by die verloop van my lewe.

Dis wat hierdie man doen. Hy soek genesing, maar dit moet gebeur by die roering van die water.

## Die Vermiste Vers in die Bybel

Waarvan praat die man in vers 7 AS die water geroer word? Die antwoord kry ons in die VERMISTE VERS in die Bybel.

Afhangende van watter vertaling jy lees, is die einde van vers 3 en die begin van vers 4 nie in sekere vertalings ingeskryf nie.

### *1953 Ou Vertaling*

*__3__ Daarin het 'n groot menigte siekes gelê... (wat op die roering van die water gewag het. __4__ Want 'n engel het op bepaalde tye in die bad neergedaal en die water geroer...)*

### *1983 Vertaling*

*__3__ ...waar daar baie gestremdes gelê het: blindes, kreupeles en lammes. __5__ Onder hulle was daar 'n sekere man wat al agt en dertig jaar lank siek was.*

*Jy sal sien in die 1983-vertaling is daar nie eens ‘n vers 4 nie; dit gaan reguit van vers 3 na vers 5.*

*Die rede daarvoor is nie dat daar fout is met vers 4 nie. Dis net dat hierdie verse nie in van die oudste manuskripte geskryf was nie. Dis amper soos ‘n kantnota wat later ingevoeg is om vir ons meer te vertel van die konteks waarvan die man praat in vers 7.*

*Wat hierdie kantnota ons NIE vertel NIE (en ek vermoed dis hoekom baie vertalings dit uitgehaal het), is dat daar ‘n engel fisies kom om die water te roer nie. Dit vertel EERDER vir ons van ‘n mite wat oor en oor vertel is.*

*Dit was ‘n idee in die volksmond: dat by die plek Betesda, een keer ‘n jaar ‘n engel kom wat heel lukraak die water roer, en die eerste persoon wat in die water kom, sal genesing ontvang.*

*Dit is al inligting wat ons het. Dis die mite. Ons weet nie of daar ooit iemand genees is nie.*

*Maar ons weet dat hierdie mite sterk genoeg moes gewees het dat duisende mense daar gebly het vir dekades en dit geglo het.*

*Sekere kommentare sê die water het medisinale eienskappe gehad, maar die roering van die water was as gevolg van ‘n natuurlike waterbron wat van tyd tot tyd geborrel het.*

*Dit was ‘n mite wat mense begin glo het AS WAARHEID.*

*Hierdie mense is so desperaat dat net ‘n gerug genoeg is vir hulle om hul hele lewe daar te wag vir hul beurt.*

*Hierdie menigte mense is so siek, so seer en so gestrem dat hulle geen ander opsie het as om saam te drom op dié een plek, met die hoop dat hulle dalk eendag 'n beurt kan kry.*

*Hierdie is die enigste plek of opsie om hul lewe op ‘n beter plek te kry, of so het hulle geglo. Baie mense het gesterf terwyl hulle gewag het vir hulle beurt. En hier sit hulle en wag. As gevolg van ‘n mite.*

*HIERDIE man wag al 38 jaar. In vandag se konteks sou hy al daar lê van 1988 af.*

## ‘n Vraag...

Wat is die mites wat ons glo wat ons gevange hou?

• Idees oor God?

• Idees oor redding?

• Idees wat deur die volksmond gevorm is meer as wat dit deur God se Woord gevorm word?

Die vraag wat Jesus vra, spreek juis hierdie idees aan. Terug na die storie toe.

Veral in ‘n plek waar mense etlike dekades sit en wag vir ‘n wonderwerk, sou die nuus vinnig versprei het van ‘n man wat wonderwerke doen. Hulle moes gehoor het van Jesus.

Die probleem is, hulle kan nie gaan daar waar HY is nie. So as Hy nie na hulle toe kom nie, sal hulle Hom ook nooit kan sien nie.

Maar natuurlik, in Jesus se aard, is Betesda sekerlik die eerste stop wat Hy sal maak, want dis wat Jesus gedoen het: na die seer en gebroke mense gegaan.

Hy stap daar in. Dink net hoe dit moes gelyk het, geklink het, geruik het.

En Jesus sien DIE man raak wat al 38 jaar daar lê. En Jesus gaan vra die man hierdie logiese vraag.

---

# Betesda is ‘n Lokval

Toe ek in die Sondagskool die storie gehoor het, was Betesda ‘n positiewe storie, maar kom ons kyk bietjie anders na Betesda en sien sy ware kleure. Betesda is ‘n lokval. ‘n Lokval om in ‘n groef te bly.

Dis ‘n plek wat vir jou iets belowe wat nie gebeur nie.
Dis ‘n plek wat belowe jy sal jou wens kry solank jy net eerste is.
Solank jy deur die hoepel spring.
Solank jy presteer, sal jy genesing kry.

Die plek maak beloftes vir almal wat daar is wat nooit gaan kom nie.

Jesus kom juis om hierdie sisteem te kom breek. Hy vra die vraag ondersoekend om te sien wat Betesda aan hierdie man gedoen het.

Hierdie man is BAIE meer vasgevang in hierdie groef as net sy fisiese siekte.

Betesda verteenwoordig die plekke en idees wat ons vasvang en in ‘n groef hou.

• ‘n groef met sekere verhoudings

• ‘n groef met jou werk

• ‘n groef met jou gesondheid

• ‘n groef finansieel

• ‘n groef van HOE jy GLO en hoe jy jou geloof leef

En Betesda belowe jou, eendag sal alles verander, die engel gaan die water roer, jy moet net in die water kom.

Die probleem met Betesda is, dis nie ‘n slegte plek nie. Die verhaal wat vertel is, is dat wonderwerke hier gebeur. Wie sal ooit kan dink dis ‘n lokval?

Hy trek jou in met die belofte van deurbraak en verandering. Betesda belowe dat jou beurt dalk net volgende is.

Dis nie ‘n bose plek nie; daar het dalk mooi dinge gebeur, maar daar is iets wat Jesus hierdie man, en vir my en vir jou, wil wys van Betesda.

Toe Hy vir hierdie man vra “Wil jy gesond word?”, wonder ek of hy nie in sy eie gedagtes gedink het: “Maar hierdie man weet nie hoe dinge hier werk nie. Kom ek vertel hom hoe die sisteem werk.”

Mens sou dink iemand so desperaat, iemand wat moontlik gehoor het van hierdie Joodse rabbi wat genesing bring, sal dadelik JA antwoord, net vir die moontlikheid dat dit DALK Jesus kon wees.

Maar wat hy eerder doen is om te sê: “Kom ek vertel jou hoe dinge hier werk in Betesda.”

Sy antwoord was: “Here, hier is hoe dinge werk in Betesda. Ons het ‘n sisteem.”

Wanneer jou groef onderhewig raak aan ‘n sisteem, gaan die sisteem jou groef begin bestuur. Hierdie sisteem is enige iets – geestelik, sosiaal of selfs godsdienstig – wat ons toelaat om ons gebrokenheid te bestuur sonder om dit eintlik te verlaat.

**Die "AS"-Sisteem:** "As die ekonomie net verbeter... as my vrou of man net verander... as ek net daardie bevordering kry... dan sal dinge verander." Soos die man wat wag vir die water om te roer, wag ons vir eksterne omstandighede om te verander voordat ons interne verantwoordelikheid neem.

**Die "Blameer"-Sisteem:** Die man het gesê: "Ek het niemand om my te help nie."

**Die "Wag vir ‘n teken"-Sisteem:** Baie van ons sê: "Ek wag dat die Here die water moet roer." Of: "Ek wil net eers my lewe agtermekaar kry voordat ek kerk toe gaan. Ek is te sondig om gedoop te word; ek wag maar eers.”

Hierdie man sien GEEN uitweg nie, want die sisteem is al wat hy kan sien. Dis al wat kan help: “Ek moet in die water kom.” Maar hy mis die Een wat voor hom staan, die werklike Bron van Lewe.

Ek het in die begin gesê die moeilikste deel om uit die groef te kom is om die eerste tree te gee.

Hierdie sisteme is besig om al ons probleme mooi te organiseer, en baie mense in vandag se samelewing het baie georganiseerde probleme. En dis ook ons grootste bron van verskonings.

Jesus vra hierdie man ‘n eenvoudige vraag met ‘n diep, ingrypende, maar baie eenvoudige antwoord.

Hoeveel keer is jy dalk al gekonfronteer met ‘n eenvoudige vraag, met ‘n eintlik eenvoudige antwoord, en jy sien net nie kans om die pad te stap nie?

Die wonderwerk vir die siek man het nie in die bad van Betesda gelê nie, maar daarin om weg te loop van Betesda af.

Jesus sê vir hom:

***8*** *Staan op, neem jou bed op en loop.*

Let op... Hy sê nie: 'Wag vir die gevoel om te kom.' Hy sê: 'Loop.' Die genesing vir die man lê in die loop.

“Kan dit wees? Almal sê nog altyd dis hier waar ons die wonderwerk gaan kry. Kan dit wees dat dit op ‘n ander plek is?”

Staan op. Loop anders, doen anders, leef anders.

Hierdie man kon op hierdie opdrag gesê het: “Maar Jesus, ek kan nie loop nie, dis my hele probleem!”

Maar iets gebeur in daardie oomblik. Hierdie man maak die besluit: “Ek gaan doen wat Jesus sê.” Hy maak die besluit, hy voel in sy liggaam iets begin draai, krag kom terug in sy bene. Is dit moontlik?

Wil jy nie vanoggend ‘n besluit neem om op te staan uit die groef uit in 2026 nie?

• Op te staan uit die groef van sekere verhoudings / vriendskappe

• Op te staan uit die groef van verwagtinge

• Op te staan uit die groef van verslawing

• Op te staan uit die groef van onvergifnis

• Op te staan uit die groef van haat

• Op te staan uit die groef van hoe jy glo. (Dalk staan Jesus al lank voor jou)

Wat ook al daar in jou lewe is waar dit voel jy is vasgevang in ‘n groef. Die dinge wat so deel van jou lewe is dat dit alles organiseer.

Staan op.

Die eerste tree is die moeilikste tree, maar dit is dalk meer eenvoudig as wat jy dink.

Die samelewing maak groot beloftes. Maar dis ‘n lokval.

## STAAN OP

Vat jou mat en loop en los die goed wat jou in die groef hou.

Dit verg ‘n besluit en EEN TREE.

## ‘n Waarskuwing

Ek wil afsluit met ‘n waarskuwing en dit is in die detail van die storie.

***9*** *En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop. En daardie dag was dit sabbat.* ***10*** *Die Jode sê toe vir hom wat genees was: Dit is sabbat; dit is jou nie geoorloof om jou bed te dra nie.*

Die eerste persoon wat hierdie man sien loop uit sy groef, besig om sy bed te dra wat Jesus gesê het hy moet doen, is ‘n Fariseër. Hy skree: “Dis die Sabbat, jy mag nie jou bed dra nie!”

Nog ‘n sisteem. NOG ‘n potensiële groef.

In die oomblik net toe hy uit ‘n sisteem van amper 40 jaar kom, wag daar nog een vir hom.

Pas op vir die lokval.

---

Ons is nie gemaak om in ‘n groef te leef nie, maar dit is moeilik om uit die groef te kom, want heelheid kos jou iets.

Heelheid beteken dat jy jou eie bed moet dra.
Heelheid beteken dat jy nie meer die 'water' of die 'mense wat jou nie gehelp het nie' kan blameer nie.
Heelheid is skrikwekkend, want dit is 'n nuwe manier van in die wêreld wees.

Want as jy Jesus volg in gehoorsaamheid, verander dit alles, en dis net daar waar jy vryheid gaan beleef.

Jesus kom wys ons ‘n lewe wat nooit in ‘n groef geleef het, vasgevang in ‘n sisteem nie. Jesus kies oor en oor die pad wat onmoontlik voel, maar wat na vryheid lei.

Daar in Getsemane, voor sy kruisiging, bid Hy die woorde: “Here, laat hierdie beker by my verbygaan. Ek sien nie uit na hierdie pad nie, dit voel onmoontlik, dis swaar, maar Here, nie my wil nie, maar U wil.” Jesus sê hierdie woorde want Hy weet dat daar

in Sy wil is waar werklike vryheid en vrede is.

Mag 2026 vir jou ‘n jaar wees van opstaan, jou mat neem, en LEEF, en sê: “Here, nie my wil nie, nie my wysheid of idees nie, maar U wil alleen.”